Aswoensdag Oordenking
1 Maart 2017.

Op Aswoensdag: sterf sodat jy kan lewe.

Die lydenstyd lei ons in ’n dieper verstaan van God se Goeie Nuus. Dit help om nie net van Jesus te weet nie, maar Hom lief te hê en met ons hele hart te volg.

Dit is deels ’n donker reis waarin ons met die vestings van sonde in ons lewens konfronteer word. Ons word skaam oor hoe ons lewens vertroebel word sonder die dissipline wat by kinders van die Here pas.

Maar dis ook ‘n reis na die lig. Die kruis, die bloed, die lyding, dood en die graf van Jesus gee ons weer hoop. Dit lei ons tot die aanvaarding van vergifnis en die vreugde oor God se genade, ontferming en liefde.
Op Aswoensdag word ons wel met die sonde in ons lewens konfronteer, maar ons word ook voorberei vir ’n 40 dae reis op die lydensweg van Jesus, waar ons Hom meer liefkry en werklik begin leef omdat die wonder van ‘n opstanding-lewe volg op die sekerheid dat Christus vir ons gesterf het.

Op Aswoensdag onthou elke Christen ook dat ons ou sondige mens saam met Christus gesterf het. Ons onthou dat die verlore, onrein en ongehoorsame mens nou dood is. In geloof, en deur vas en gebed, nadenke en onderrig, soek ons met groter ywer en fokus na die nuwe lewe wat ons in Christus ontvang het.

Op Aswoensdag kom ons in die stemming en houding om te wens dat ons ou sondige lewe sal ophou en dat ‘n God-verheerlikende lewe vir ons sal aanbreek. Op Aswoensdag sien ons dat die Here goed is, omdat Een vir almal gesterf het, *sodat ons vir Hom kan lewe*! Op Aswoensdag kom ons opnuut tot berou oor sonde en ’n begeerte na ‘n Opstandingslewe, nou en vir ewig.

Mag die Here vir jou ’n Aswoensdag ervaring gee wat met sy genade gevul is en vandag jou geloof versterk deur die dissipline waarmee jy die lydenstyd gedenk.